

Lekkerbekkie

Gratis e-tydskrif vir ouers en kleuters



Uitgawe 7

November 2011



Inhoud

Artikels

Ons gesels met: Nianell	3
Hoe help ek my kind deur die trauma van egskending.....	4
Pienkvoet Pret: Magie-tyd.....	5
Rubriek: Die <i>granny</i> in die <i>granny flat</i>	6
Rubriek: Ons plus twee	7
Storieklub vir kinders.....	8

Vir die kleingoes

Storie: Lekkerbekkie se maatjies	1
Inkleurprentjie	2
Aktiwiteit	9

Bak en brou

Resep: Toffie-apples	6
Little 1: Pypskoonmaker pret	7

Gratis

Rekenaarspeletjie	2
-------------------------	---

Kompetisie

10 gelukkige lesers kan elk 'n Storieklub CD wen!	10
---	----

Kontakbesonderhede	10
--------------------------	----

Model: Caiden Burger

Die sewende uitgawe van Lekkerbekkie is hier!

Sjoe, maar die tyd vlieg! Die jaar is amper uit en jy het sowaar al die sewende Lekkerbekkie voor jou! Toe ons in Mei vanjaar begin het met ons tydskrif, het ons geen idee gehad hoe vinnig (en hoe groot!) dit sou groei nie. Ons het die tydskrif uitgebrei van 6 bladsye na 9 bladsye, en hierdie maand se uitgawe het nog 'n ekstra bladsy by! Deel gerus hierdie uitgawe ook met julle vriende – dis gratis!

Hierdie maand gesels ons met die *stunning* Nianell oor die dinge wat haar inspireer. As jy en jou gesin hierdie jaar deur 'n egskending geraak is, moet jy beslis ons artikel op bladsy 4 lees. Ons deel praktiese raad oor hoe jy jou kinders kan help met die hartseer rondom hierdie groot verandering in hulle lewens. Daar is 'n lekker resep vir toffieappels, en oulike idees vir fynspier-oefeninge. Moet ook nie ons nuwe rubriek deur Anelia Prinsloo van *Pienkvoet Pret* mis nie!

Lees meer oor ons Storieklub vir kinders, en staan dan ook 'n kans om die eerste storie-CD uit die reeks te wen!

Groete uit die kantoor
Anna Emm



Nianell
deel haar
inspirasie!

bl.3

KOMPETISIE!!!



10 lesers
kan elk 'n
storie-CD
wen!

bl.10



babies™
ONLINE

"Your parenting partner from pregnancy to pre-school"


- Opvoedkundige Speelgoed
- Afrikaanse Boekies
- Eksklusiewe baba en kleuter produkte

www.babiesonline.co.za

Lekkerbekkie is GRATIS! Stuur 'n epos na lekkerbekkie@annaemm.co.za en ontvang elke maand 'n nuwe uitgawe.

Lekkerbekkie se maatjies

Lekkerbekkie Muis het vreeslik baie maatjies. Sy maatjies is die diertjies van die bos. Party maatjies het lang bene soos die reier, en ander maatjies het dik sterte soos die eekhorinkie. Elke dag speel Lekkerbekkie Muis en sy maatjies tog te lekker in die bos!



“Kom ons kyk wie kan die verste spring!” sê Pieter Padda. Hy het twee lang agterpote en hy spring sommer drie keer baie, baie ver – net om te wys hoe ver hy kan spring!

“Ek wil ook ‘n padda wees,” sê Lekkerbekkie Muis. “Ek wil ook sulke lang bene hê en so ver kan spring! Hoekom kan ek nie ook ‘n padda wees nie!”

“Kom ons speel wegkruipertjie!” roep Akkedissie, en hy wikkel-wikkel sy plat lyfie onder ‘n klip in. Nou kan niemand vir Akkedissie sien nie!

“Ek wil ook ‘n akkedissie wees,” sê Lekkerbekkie Muis. “Hoekom kan ek nie ook so ‘n plat lyfie hê dat ek ook onder die klippe kan wegkruip nie?”

“Kom ons kyk wie kan die diepste tunnels onder die grond grawe!” roep die hasies, en hulle hop-hop na hulle tunnelhuisie onder die grond toe. Hulle het lekker sterk voorpote wat baie goed kan grawe! Sommer gou het hulle ‘n lang tunnel gegrawe van die rivier tot by die bome! Hulle neusies is nou lekker vol grond!

“Ag,” sug Lekkerbekkie Muis, “ek wil ook eerder ‘n hasie wees! Ek wil ook sulke sterk voorpote hê dat ek vir my so ‘n mooi tunnelhuisie kan grawe! Kyk nou net hoe lekker lyk dit! Hoekom kan ek nie ook ‘n hasie wees nie?”


Net toe begin dit reën. Groot, vet reëndruppels val uit die lug uit, en Lekkerbekkie Muis en sy maatjies reën nat! Hulle kyk die kant toe en daardie kant toe. Waar kan hulle wegkruip vir die reën? Pieter Padda probeer onder die blare inkruip, maar hy reën nat. Die akkedissie probeer onder die klippe inkruip, maar die klippe is glad van die reën. Die hasies kan nie in hulle tunnelhuisie ingaan nie, want die reën het dit vol modder gemaak!

“Kom ons gaan skuil in my huisie in die boom!” roep Lekkerbekkie Muis. “Dis warm en droog daar, en as ons styf teen mekaar sit is daar plek vir ons almal! Die reën sal ons nie daar kry nie en ek het lekker warm tee wat ons kan drink.”

O, en nou is die diere-maatjies so bly! Almal kruip veilig en warm in Lekkerbekkie Muis se huisie, en hy maak vir hulle tee. Buite val die reën en alles is nat.

“Ons is bly jy is nie ‘n padda of ‘n akkedissie of ‘n hasie nie, Lekkerbekkie Muis!” sê die diere-maatjies. “Ons is bly jy is ‘n muis wat in ‘n boomhuisie woon en lekker tee maak! Ons is bly jy is Lekkerbekkie die muis, ons maatjie!”

Die Einde.



Anna Emm het al meer as 700 kinderstories geskryf en op CD vrygestel. Sy woon in Kaapstad en is getroud met 3D animasie kunstenaar, Stefan van der Vyver. Sy is ma van Elanie (11) en Mila (8 maande). www.annaemm.co.za

Lekkerbekkie muis se maatjies



GRATIS
**Rekenaar-
speletjie!**

**Klik hier
om te speel**



Besoek
www.Kleuters.co.za

vir idees, advies,
oulike aktiwiteite
en nuwe produkte!



Durbanville TUINMARK: 26 November

Baba- en Kinderprodukte
Handgemaak en plaaslik!

Vars koffie en eetgoed te koop.
SLEGS KONTANT - TOEGANG GRATIS

9am - 3pm

Hellasingel 77, Uitzicht

Helena van der Berg
mail@myfavouritethings.co.za
083 324 9053

Ons gesels met ... Nianell oor die dinge wat haar inspireer

Meeste mamas dink seker aan jou as die mamma wat drie babatjies gelyk grootmaak het! Hoe het julle ge“cope”?

Ek het 'n streng roetine gevolg en almal het daarby gebly. Beplanning is baie belangrik. Ons was gelukkig om baie hulp te hê. Maar of dit nou een of drie babas is, dit bly uitputtend en vermoeiend! Ek en my man het net altyd vir mekaar gesê ons moet onthou om elke oomblik te geniet, want dit gaan verby.

Hoe werk jy nou ma-wees by jou daaglikse roetine in?

Ek het 'n passie vir alles wat ek doen. As mens jou besig hou met dinge waarvoor jy lief is, kry jy energie daaruit. Ek erken dat ek geneig is om nie genoeg tyd te maak vir myself nie, maar ek moet streng daarop wees om dit te doen, want anders brand ek uit.

Jou dogtertjies is nou al kleuters! Waarvan hou hulle?

Hulle het die 30ste Julie 4 geword. Elkeen se persoonlikheid is uniek. Tayden is baie lief vir mooi rokkies en klere, en sy is baie netjies en skoon. As daar ietsie op haar rokkie mors gaan trek sy onmiddellik 'n nuwe rokkie aan. Jade hou daarvan om te lees en sy lees gedurig vir al haar speelgoed voor. Sy kan letterlik vir ure lees, maar ander dinge verveel haar gou. Kayley loop weer altyd met arms vol speelgoed rond. Sy hou daarvan om al haar speelgoed naby

aan haar te hou en elkeen is baie belangrik en sy sal weet as een weg is. Ons is groot Walt Disney aanhangers en ek geniet die flieks net soveel soos die kinders!

Jy was nou deel van die jongste “Lollos!” DVD – vertel bietjie van die ervaring?

My meisietjies is groot aanhangers van Lollos en toe ek hoor hulle maak 'n nuwe DVD was ek baie voorbarig en het hulle gekontak en gevra of ek betrokke kan raak. Ek het 'n lullaby wat ek vir my meisies geskryf het en altyd vir hulle sing voor hulle gaan slaap, opgeneem en ons almal het vir die DVD opname gegaan. Alta en Mientjie is twee wonderlike mense en hulle het ons baie welkom laat voel!

Wat is jou drome vir jou kinders?

Dat hulle hulself moet liefhe. As jy jouself liefhet, behandel jy jouself goed en laat nie toe dat ander mense jou sleg behandel nie. Jy behandel ook nie ander mense sleg nie, want daardie liefde wat jy vir jouself voel kring uit. Die enigste manier wat ek dit vir hulle kan leer is deur my voorbeeld, so ek kies elke dag om myself lief te hê. Ek slaag nie altyd nie, maar ek probeer my bes.

As mens die koerante dophou lyk dit asof die toekoms baie probleme vir ons kinders gaan inhou. Waarmee sal jy graag jou kinders wil toerus sodat hulle drome nie verlore sal raak in die stryd om oorlewing nie?



Dis hartseer dat meeste mense vasgevang is in vrees. Dan oorleef jy maar net en lewe nie regtig nie. Toe ek nog 'n klein dogtertjie was wou my ouers 'n huis in Windhoek koop en almal het vir hulle gese dit is nie 'n goeie belegging nie, want die toekoms van die destydse Suidwes het maar bleek gelyk. Ten spyte van al die waarskuwings het hulle tog op die ou end die huis gekoop. Ek het in daardie huis grootgeword en my ouers het dit na so 30 jaar verkoop om in Hentiesbaai te gaan aftree. Vandag is Namibia 'n land met 'n blink toekoms. Daar

sal altyd mense wees wat die negatiewe in alles soek. Ek kies om op die positiewe te fokus. Ek leer my kinders dat die lewe nie gaan oor wat met ons gebeur nie, maar hoe ons dit hanteer. My kinders moet weet hoe om verantwoordelikheid te vat vir hulle eie lewens en nie slagoffers te wees van hul omstandighede nie.

Al wat ons in elk geval het, is hierdie oomblik en dit is my intensie om dit ten volle te geniet en sodoende my kinders te inspireer om dit ook te geniet.

Beaudèle Health & Beauty cc

CRK 2003 / 025970/23

Take this voucher with you and pay only R99 for a manicure, or R140 for a pedicure!!

PROUD SPONSOR OF ANNA EMM

10%
discount



3 Pres Brand Cres.
Panorama, Cape Town Tel. 021 930 1065

Hoe help ek my kind deur die trauma van egskeding?



Alle kinders ervaar egskeding anders – selfs kinders uit dieselfde huis. Kinders reageer altyd op hoe hulle 'n situasie ervaar, en nie op die omstandighede self nie. Omdat kleiner kinders dikwels situasies net deur hulle eie perspektief ervaar, neem hulle aan dat dit hulle skuld is as hulle ouers skei. Verseker hulle dat dit nie hulle skuld is nie en dat jou liefde vir hulle onveranderd is. Kinders se grootste vrees rondom egskeding is wat nou met hulle gaan gebeur, en daarom is dit nodig om hulle oor en oor

te verseker dat hulle nie verlaat sal word deur hulle ouers nie – al verlaat die ouers mekaar. Kinders klou gewoonlik vas aan die bekende, en daarom sal die meeste kinders bly glo dat hulle ouers weer sal saamwees, selfs in gevalle van geweld. Kinders voel altyd lojaliteit teenoor beide ouers – ongeag van die omstandighede – en is bang dat hulle sal moet kant kies. Hierdie vrees kan 'n baie groot spanning word. Wanneer een van die ouers die kind verlaat of "afskryf", is dit belangrik dat die kind weet hy het niks verkeerd gedoen wat die ouer laat weggaan het nie, en dat grootmense soms verkeerde keuses maak omdat hulle nie met ander mense oor die weg kom nie. Onthou dat jou ingesteldheid jou kind se ingesteldheid sal bepaal. Jou woorde en aksies kan jou kind aan onnodige emosionele seer blootstel, óf hom help om, t.s.v. sy omstandighede, positief te ontwikkel. Omdat 'n kind

magtelos voel in 'n egskeding, moet jy geleenthede skep waar hy kan keuses maak (al is dit net om sy eie klere te kies of om self te besluit wat hy wil eet) sodat hy weer 'n gevoel van beheer kan ontwikkel. Skep 'n vaste roetine waarop hy kan reken, om hom 'n gevoel van sekuriteit in sy veranderende omstandighede gee. Onthou dat jou kind met hierdie kwessie te doen sal kry by die skool onder sy maatjies, al raak dit nooit sy eie huisgesin nie, en dat dit belangrik is om met hom hieroor te praat. Die meeste kinders dink dat argumente en rusies die enigste oorsaak van egskeding is en daarom vrees hulle dat dit altyd die geval sal wees wanneer daar konflik is – en dus selfs dat, wanneer hulle hulle ouers kwaad maak, hulle ook verlaat sal word. Dit is jou kind se grootste vrees rondom egskeding, en dit is belangrik om hom te verseker dat die band tussen julle nooit verbreek kan word nie.



Die storie van "Die Oranje Stertjie" help kinders met die seer van egskeding.

Vita Stories

24 Dierestories wat kinders help met kwessies soos boelies, terg, egskeding, groepsdruk, bang vir die donker, en spanning.

Slegs R35 per CD!

Kies van 24 onderwerpe



www.AnnaEmm.co.za

DIE Vita Stories REEKS

is 'n versameling van 24 heerlike dierestories op CD, vir kinders 3-9.

Elke storie is geskryf rondom 'n ander sosiale kwessie en word ingespan om vir kinders lewensvaardighede, emosionele weerbaarheid en positiewe gedagtepatrone te leer.

Elke CD sluit in : 'n luisterstorie oor 'n spesifieke kwessie, 'n inkleurprentjie, 'n oerhandleiding, en die storie in teksformaat vir voorlees.



CD1: Die oranje stertjie - EGSKEIDING
 CD2: Frikkie die erdwurm - VREES VIR DIE DONKER
 CD3: Daar was eenmaal 'n kewertjie - MISLUKKING
 CD4: Die beertjie met die seer tand - SKEIDINGSANGS
 CD5: Lappie die teddiebeer - NUWE BABA
 CD6: Skilpad en die jakkalsies - BOELIES
 CD7: Voëls van die sonskynbos - DOOD IN DIE FAMILIE
 CD8: Nollie die klein varkie - AGGRESSIEWE GEDRAG
 CD9: Wie sing so? - SPANNING IN DIE HUIS
 CD10: Pietertjie en Paultjie - SIEKTE IN DIE FAMILIE
 CD11: Timmie in die moeilikheid - GROEPSDRUK
 CD12: Topsisie die seekat - DIE EENKANTKIND

CD13: Kosie Krokodil - MISLUKKING
 CD14: Die ou hoekie en nuwe hoekie - EGSKEIDING
 CD15: Ignatius gaan skool toe - VREES VIR SKOOL
 CD16: Stompie is ongelukkig - DEPRESSIE
 CD17: Dingetjie sonder naam - LAE SELFBEEELD
 CD18: Wat is fout met Michael? - SPANNING
 CD19: Montie die apie - DIE EENKANTKIND
 CD20: Sewe klein katjies - TERG
 CD21: Dippie tel 'n eiertjie op - HARTSEER
 CD22: Moenie die bessies eet nie - DWELMS
 CD23: Kleinbeer se geheim - MISHANDELING
 CD24: Bang Bennie - VREES

R35 per dubbel CD / R750 vir die reeks van 24
www.AnnaEmm.co.za



"Magie-tyd"

deur
Anelia Prinsloo

Babas het nodig om baie meer tyd op hul magies te lê! Nie net gaan jou baba 'n heel nuwe perspektief op die wêreld kry nie, maar dit hou ook baie voordele in.

Voordele van magietyd:

- Dit versterk jou baba se lyfie - wanneer hy sy kop op lig versterk dit die nek-, rug- en skouerspiertjies,

sodat hy homself later op sy arms kan opstoot.

- Sodra hy hom kan opstoot, word die handjies en vingertjies ook sterker.
- Die ontwikkeling van al hierdie spiere is noodsaaklik om te kan vat, rol, kruip, sit, en uiteindelik loop.
- Baba ervaar sy liggaam op 'n heel ander manier op sy magie.

- Hy kry ook selfvertroue sodra hy nuwe dinge kan regkry, en probeer dan selfs nog meer dinge beproef.

Wanneer begin baba op sy magie lê?

- Begin reeds met jou pasgebore baba, en laat hom op jou bors lê, sodat hy daaraan gewoond kan raak.
- Vanaf ongeveer 2 maande kan jy baba meer gereeld op sy magie laat lê sodra sy nekkie nie meer so slap is nie en sy kopbeheer al beter is.

Hoe doen ek dit?

- Dis belangrik dat jy altyd teenwoordig moet wees as baba op sy magie lê.
- Sorg dat die oppervlak sag en warm genoeg is - 'n kombersie werk goed.
- Begin deur hom vir kort rukkies op sy magie te sit, en vermeerder die tyd soos hy meer gemaklik daarmee raak.
- Aanvanklik gaan jou baba nie daarvan hou nie en heel moontlik dit luidkeels verkondig!
- Daarom is dit belangrik om magie-tyd vir hom baie interessant en visueel asook auditief stimulerend te maak.

Beweeg kleurvolle handpoppe, prente of speelgoed ongeveer 30cm voor sy gesiggie. Hou ook ratels, klokkes en kleurvolle instrumente voor hom.

- So trek jy sy aandag dadelik af van sy spiertjies wat skielik so "hard werk" en stimuleer jy terselfdertyd sy oogbewegings en gehoor.
- Soos wat jou baba ontwikkel en langer tye op sy magie lê, sal hy later begin om na die voorwerpe uit te reik, dit te vat, en daarmee te speel.
- Al kan jou baba net kort-kort vir 'n minuut op sy magie lê is dit meer as genoeg! Elke bietjie help! En kort voor lank is magie-tyd jou baba se gunsteling posisie!

WENWENK: Sit twee babas teenoor mekaar op hul magies-hul geniet mekaar se geselskap, geluidjies en vind mekaar gewoonlik heel amusant!

Anelia Prinsloo is die franchise-eienaar van Pienkvoet Pret. Hulle bied klassies aan vir mamas en kinders (3-36 maande).

www.pienkvoetpret.co.za

acornkids



Prettige produkte vir kinders wat die lewe geniet!

Kontak my vir meer inligting oor die produkte of hoe om jou eie besigheid te begin. Lekkerbekkie lesers kry 'n gratis geskenk saam met die eerste bestelling. Aflewerings van produkte regoor Suid Afrika.

Cornel Needham

082 409 9071

cornel@acornkids.com

<http://cornel.acornkidsdealer.co.za>



BOEKIE KLUB

0860 786 743

Kry die NUUTSTE top Afrikaanse storieboekies en ons eie Bertus Beer reeks aktiwiteitsboekies!

SLUIT
AAN

**SLEGS
R50pm**

Storietyd

Die granny in die granny flat



“Ouma, waar is jou lappie?”

My ma (87 jaar oud) sê altyd die lekker van ouma wees, is dat niemand jou snaaks aankyk as jy lawwe dinge saam met jou kleinkinders doen nie. Nou ja, ek weet nie of sy dink hierdie

granny gaan soms te ver nie! Dit was weer een van daai oggende – voordat ek nog my bril kon soek en my draai kon loop, tree die filistyntjies aan voor die deur – Sebastian vol vyfjarige selfvertroue, en Bea met my opgefommelde koerant onder die arm, die gesiggie stralend omdat sy die draer van my nuus mag wees.

Ek het tee gemaak - nie meer in plastiekbekers nie, o nee! - en van my kosbare beskuit uitgehaal. Die tweekies het by die eettoonbank gestaan met voetjies op die bank wat ek al onder die blad ingeskuif het sodat hulle nie moet afduiwe! nie. Tussen die keer dat die bekere omval en die doop van die beskuit

deur het ek die koerant probeer lees, maar uiteindelik handdoek ingegooi en besluit ons gaan nou al drie plat op die mat sit en verder brekfis. Hoekom, wil die nuuskierige agies weet. Omdat julle of die bekere nie so ver sal val as ons laer teen die grond is nie! O.

Maar ek het skaars die hoofopskrif gelees, toe spring Sebastian op. “Ouma, waar is jou lappie?” Beker omgegooi, en die melkerige tee is besig om in die mat in te trek. Nou ja, voor sewe in die oggend geld die normale reëls nie. Ek stuur hom toe om ‘n ou koerant te gaan haal, op die nat kol te gooi en te begin trap. Natuurlik wil Bea toe ook trap. Maar ouboet

wil nie hierdie lekker deel nie. Ek moes gou besluit - ‘n rusie besleg op my nugter maag, of die weg van die minste weerstand volg. (Nie ‘n moeilike keuse daardie tyd van die oggend nie!) Ek keer Bea se beker tee toe maar ook op die mat om, en stuur haar om haar eie ou koerant te gaan haal... In die tyd wat die tweekies getrap het, kon ek byna die hele hoofberig lees!

*

Marianne Strydom woon in ‘n granny flat by haar kinders in Durbanville. Sy is ‘n vryskut taalpraktisyn en ouma van vyf kleinkinders.

Resep



BESTANDDELE

1k suiker

½ tl asyn

rooi voedselkleursel

knippie kremetart

¼ koppie water

‘n paar kleinerige appels

METODE


- Plaas suiker, asyn, kremetart en water in ‘n kastrol en roer tot opgelos.
- Voeg kleursel by.
- Kook tot dit ‘n dik stroop maak (toets deur ‘n bietjie uit te skep en te kyk of dit krakerig raak as dit afkoel).
- Laat effens afkoel en ver-

wyder van die stoof.

- Steek stokkies in die appels en doop in die warm stroop.
- Sit regop op waspapier of gesmeerde bakplaat neer om droog te word.

Idees:

Doop appels in gesmelte sjokolade, caramel, gekleurde versiersuiker, en versier met hundred and thousands.



www.bazoo.co.za



BAZOO AFRIKAANSE KINDERTYDSKRIF

- Stories en opvoedkundige aktiwiteite vir 4- tot 7-jariges
- Koop Bazoo by uitgesoekte SPAR EN PICK 'N PAY winkels landwyd

BESTEL DIE HELE BAZOO-REEKS @R350.00 (POSGELD INGESLUIT) EN ONTVANG 'N BAZOO DENIM BOEKESAK GRATIS!!

STUUR 'N EPOS MET JOU BESTELLING AAN:

admin@bazoo.co.za of skakel vir Renie by (021) 949 8220

Ons plus twee



Mevrou 14

Daar lê ek toe op 'n Maandag-aand slaap-dronk van narkose na 'n in-en-uit-prosedure in ons plaaslik hospitaal (hier's nie 'n dagklinik vir die klas ding nie). Ek geniet nog die laaste saligheid voor ek weer huiswaarts kan keer. Dis eintlik ongelooflik

dat jy 5pm kan teater toe gaan en 7pm weer huis toe kan gaan! Maar as voltydse mamma is ek te dankbaar vir die spoed waarteen dinge deesdae gebeur. Daar is nie veel tyd vir siek wees nie.

Ek hoor hoe besoektyd aanbreek. Mevrou nommer 14 (in ons kamer van 4) is duidelik nie so gelukkig soos ek om vannag weer in haar eie bed te gaan slaap nie. Haar man en twee kinders het kom besoek aflê. Enige ander pasiënt sou waarskynlik hierdie aandag terdeë geniet het en lekker gekuier het, maar Mevrou 14 is immers die mamma. En mamma's is 'n spesie van hulle eie...

In plaas daarvan dat sy rustig teruglê en ontspan (sy is darem in die hospitaal!), begin sy amper dadelik met die oudste se huiswerk. "Wat rym met huis...?" vra sy, en "Jy dra 'n pruik op jou...?". Ek lê en luister hoe die ondervraging voortduur tot sy tevrede is dat hy sy huiswerk ken. Kleinsus probeer so ook tussendeur 'n woord of twee in kry. En soos enige mamma wat haar sout werd is, probeer haar bes om aandag aan beide te gee.

So gaan dan maar in die lewe van supervroue en supermammass. Daar skuil een in elkeen van ons. So van een supermamma aan 'n ander: weet net al die

opofferings is die moeite werd!

NS. Net 'n week of wat terug moes ek hoor dat my twee my nie te veel gaan mis as ek weg is nie. Hulle kan immers alles SELF doen. Hulle deuntjie het egter bitter gou verander na ek vir drie ure weg was! Maak my hart sommer warm om te weet ek word darem ook gemis.

*

Lizelle Rademeyer woon saam met haar man en twee kinders, Ellard (4) en Salomie (2) op Stellenbosch.



- * Voorbereiding
- * Bybelonderrig
- * Wiskunde Les
- * Kuns Aktiwiteit
- * Spier Oefeninge en Musiek
- * Taal Aktiwiteit
- * Kleur Dag
- * Pret Eetgoed Idee
- * Uitstappie Idee
- * Morsige speelyd
- * Bak & Brou
- * Woorde in regte skool skrif

“ Marcelle is 3.5 jaar en JC is 22 maande en hulle geniet die program so baie! En hulle leer so mooi! Baie dankie vir die oulike program!
Tina Coetzee

Nóg Afrikaanse produkte hier:

LITTLE.CO.ZA

Resep: Gekleurde Rys



1. Gooi 'n halwe koppie rys in 'n zip-lock sakkie en voedsel kleursel (na jou smaak – meer vir donkerder minder vir ligter).
2. Gooi 1 teelepel rubbing alcohol ook in die sakkie en maak toe.
3. Skud goed tot al die rys gekleur is.
4. Gooi die rys op was papier of koerant papier uit en laat droog word. Ongeveer 4-6 ure.

- ongekoekte rys
- rubbing alcohol (Dischem)
- voedsel kleursel
- zip-lock sakkies

Hierdie resep vorm deel van die *Little 1* programme.

Pypskoonmaker pret



Draai 'n pasta strainer onderstebo en laat jou kind pypskoonmakers deur die gaatjies druk. Sny dit in die helfte vir jonger kinders,

want anders buig dit om. Ouer kinders sal makliker met langer pypskoonmakers kan werk.

Variasie:

- Druk net die rooies in
- Druk 'n rooie, dan bloue, dan groene
- Druk al die kortes in
- Druk al die langes in
- Tel hoeveel jy in druk
- Tel hoeveel jy ingedruk het

Hierdie aktiwiteit vorm deel van die *Little 1* programme.

In Anna Emm se storieland is elke kind 'n prinsie of prinsessie!

"Kinders leef in hulle eie wêreldjies. Hulle hoor groot woorde en koppel hulle eie betekenis daaraan. Hulle sien dinge wat vir hulle vreemd is en dan maak hulle verbeelding self stories daarop. In 'n kind se wêreld draai alles rondom hom. Dit is waarom ek besluit het om die kinder-karaktertjies in hierdie stories klein prinsies en prinsessies te maak. Dit is tog hoe elke kind homself sien!"

So gesels Anna Emm oor haar Storieklub-reeks – 'n reeks wat bestaan uit 'n ongeloflike ses-en-negentig stories, elkeen geskryf, opgeneem en vervaardig op CD oor 'n tydperk van twee jaar! Die stories in die Storieklub is verbeeldingryk, uniek, en vol snaaksighede soos bakvissies wat regte vissies is, skatkiste vol lekkergoed, seekatte wat help skottelgoed was, en teddiebere wat kan praat. Die stories is kindervriendelik, en sonder monsters, hekse en ander bangmaakgoed. Dit is geskik vir kinders tussen 3 en 9 jaar, en die lewendige byklanke help

om die kleintjie se aandag te hou, terwyl die slim snaaksighede wat tussen die lyne ingeskryf is weer die ouer kinders laat glimlag.

"Dis vir my belangrik dat die stories kinders se verbeelding aangryp," sê Anna. "Ek het my bes probeer om die stories so te skryf dat dit hulle sal laat dink oor dinge, en dit hulle weer leer droom. Die wêreld van vandag se kinders is so vol grootmens-goeters, dat hulle die voorreg van verbeelding en speel ontnem word. Die Storieklub stories moet hierdie wêreld vir hulle teruggee. Dis hulle s'n."

Alhoewel onderwysers en ouers se terugvoer juig oor die opvoedkundige waarde van Anna se stories, die verbetering in luister- en konsentrasievaardighede onder haar luisteraartjies, hou sy vol dat die fokus van die Storieklub net pret is. Maar statestieke het bewys dat kinders wat gereeld na stories luister, beter vaar in al hulle vakke op skool. Dit is omdat luistervaardighede weer konsentrasie en die vermoë om inligting te onthou verbeter. Boonop gee die stories vir hulle



Storieklub-vorm Voltooi en faks na 021 558 0234

Persoonlike Besonderhede

Rekeninghouer: _____

Posadres: _____

Huis nr: _____ Sel: _____

Epos: _____

Stuur asb my CDs met:

Gewone pos (GRATIS)

Met verwysingsnommer (R20.00)

Totaal = R79.00

Totaal = R99.00

Debiteer my rekening op die 1ste werksdag van elke maand:

Bank: _____ Tak: _____

Takkode: _____ Rek.tipe: _____

Naamhouer van rekening: _____

Rekeningnommer: _____

Debit order authorisation:

This signed Authority and Mandate refers to our contract as dated as on signature hereof ("the Agreement"). I / We hereby authorise you to issue and deliver payment instructions to the bank for collection against my / our abovementioned account at my / our above mentioned bank (or any other bank or branch to which I / We may transfer my / our account) on condition that the sum of such payment instructions will never exceed my / our obligations as agreed to in the Agreement, and commencing on the commencement date and continuing until this Authority and Mandate is terminated by me / us by giving you notice in writing of no less than 20 ordinary working days, and sent by prepaid registered post or delivered to your address indicated above. The individual payment instructions so authorised to be issued must be issued and delivered as follows: 1. On the 1st working day ("payment day") of each and every month commencing on the first date applicable following the date on this agreement. In the event that the payment day falls on a Saturday, Sunday or recognized South African public holiday, the payment day will automatically be the very next ordinary business day. Further, if there are insufficient funds in the nominated account to meet the obligation, you are entitled to track my account and re-present the instruction for payment as soon as sufficient funds are available in my account; 2. Monthly; on or after the dates when the obligation in terms of the Agreement is due and the amount of each individual payment instruction may not be more or less than the obligation due; 3. I / We understand that the withdrawals hereby authorised will be processed through a computerized system provided by the South African Banks and I also understand that details of each withdrawal will be printed on my bank statement. Each transaction will contain a number, which must be included in the said payment instruction and if provided to you should enable you to identify the Agreement. A payment reference is added to this form before the issuing of any payment instruction. I / We shall not be entitled to any refund of amounts which you have withdrawn while this authority was in force, if such amounts were legally owing to you. I / We acknowledge that all payment instructions issued by you shall be treated by my/our above mentioned bank as if the instructions had been issued by me/us personally. I / We agree that although this Authority and Mandate may be cancelled by me / us, such cancellation will not cancel the Agreement. I / We shall not be entitled to any refund of amounts which you have withdrawn while this authority was in force, if such amounts were legally owing to you. I / We acknowledge that this Authority and Mandate has been ceded to Netcash (Pty) Ltd as per your agreement with Netcash (Pty) Ltd, but in the absence of such assignment of the Agreement, this Authority and Mandate will be null and void.

Handtekening / Signature

Datum / Date

luisteraartjies 'n groter verwysingsraamwerk as hulle maats, wat hulle meer selfvertroue gee.

Daar is agt karaktertjies in die Storieklub – elk 'n klein prinsie of prinsessie – en elkeen is die held in sy eie avontuur. Elke karakter het ook sy eie unieke snaaksighede en persoonlikheid wat die kinders later leer ken. Prinses Jana is die soet dogtertjie, Prins Dirkie is bietjie skrikkerig, Prins Thomas is 'n willewragtag, en Prins Frikkie wil eendag 'n polisie-man word. Prinses Babsie is mal oor televisie kyk, en Prins Pieter is bietjie klein en tingerig. Prinses Mientjie is 'n verstrooide kunstenaar, en Prinses Pippie en haar teddiebeer doen alles saam.

Storieklub-lede kry 'n nuwe CD met 4 luisterstories elke maand. R79 per maand sluit die CD en posgeld in. Lede kan met gerieflike maandelikse debietorders betaal om al 24 CDs te versamel, of enige tyd na 3 maande kanselleer indien hulle finansiële situasie verander. Daar is dus geen langtermyn verpligtinge nie.

"Baie dankie Anna, jul is op-en-top! My kids absoluut gáande is oor Storieklub!" - Wilani Muller

"My twee woelwaters nie kan wag vir doedoe tyd nie, want dan kan hulle storie luister. Groot is die opgewondenheid altyd as ons sien daar 'n pakkie in die pos is!" - Leentjie Steyn

"My kinders geniet hul maandelikse stories vreeslik! Hulle is altyd so opgewonde om saam te gaan poskantoor toe, net ingeval daar dalk 'n pakkie is... Baie dankie vir die eindelose plesier." - Yvonne de Lange

"Die cd's is elke sent die moeite werd! Dis oulike stories en die kinders onthou nogal ingewikkelde woorde uit die stories. Dit werk soos 'n bom as ons ver ry - hulle sit tjoepstil en luister. Ek het al 10 cd's gekry - en dis waar dat dit help met konsentrasie, kreatiwiteit en verbeelding." - Caren Bode

"Baie dankie vir die oulike stories en die vinnige diens! My dogtertjie is mal oor haar nuwe CD's. Sy het dit in 2 dae se tyd al minstens 5 keer deurgeluiser." - Marisa Tait

"Thomas is totaal en al GEK oor al die stories. Dit bly PERMANENT in die kar. As ek hom in sy stoeltjie sit dan sê hy al "storie luister!" - Werda Spoelstra

"Anna - julle maak my bankrot en dan weer skatryk!!! Ons LOVE jou reeks - jy is so kreatief en waarlik geseend! :-)" - Lizelle Botha

www.annaemm.co.za



Soek die woorde en trek 'n kringetjie rondom elkeen!

uil

gogga

apie

muis

hasie

mossie


son

x	y	u	i	l	f
m	o	s	s	i	e
u	g	o	g	g	a
i	k	n	h	s	p
s	r	v	m	m	i
c	h	a	s	i	e

Afrikaanse DVD

Die Avonture van Lekkerbekkie Muis

Agt opwindende stories op DVD oor Lekkerbekkie Muis en sy maats vir voorskoolse maatjies van 2-5 jaar!
(65 min speelyd)



Bestel jou DVD by
lekkerbekkie@annaemm.co.za

R149

(R20 posgeld op bestellings onder R300)



Agt nuwe
Afrikaanse kinderstories
deur Anna Emm!

10 gelukkige leser kan elk 'n Storieklub CD wen!



Hoe om in te skryf:
"Forward" net November se uitgawe van die Lekkerbekkie tydskrif vir 10 van jou vriende, en "CC" ons by lekkerbekkie@annaemm.co.za in jou epos, en jy word outomaties by die kompetisie ingeskryf!

Tien gelukkige lesers kan elk die eerste CD uit Anna Emm se STORIEKLUB wen (waarde R80). Die CD is geskik vir kinders 3-9 jaar, en het 4 lekkerluister stories op.

Slegs een inskrywing per persoon!
Sluitingsdatum: 25 November.
Die weners sal in die volgende uitgawe van Lekkerbekkie bekend gemaak word.

Oktober se weners!

Tinka's Kids kompetisie



Baie geluk aan die weners van Oktober se kompetisie!

van ons TINKA'S KIDS kompetisie!

Samantha en Hannah Olivier (links) en Jotham Raubenheimer (regs) is die gelukkige weners

Julle wen ontwerpers babygrows komplimente van www.tinkaskids.co.za

NUWE STORIES OP CD!!!



Bekende sprokies...

CD 1:

1. Die drie varkies
2. Die gemmerbroodmannetjie
3. Die goue gans
4. Die drie rammetjies rof
5. Rooikappie
6. Die paddaprins

CD 2:

1. Gouelokkies en die drie bere
2. Die musikante van Bremen
3. Die koning se nuwe klere
4. Die prinses en die ertjie
5. Die ses diensknegte
6. Die gestewelde kat

Spesiale Kers-aanbod:
R350 VIR AL 4 CDS!
Spaar R50!



CD 1:

1. Jakkals en Wolf werk vir die boer
2. Hasie en Skilpad hardloop resies
3. Jakkals en Wolf vang vis
4. Koning Leeu en die muis
5. Jakkals en Wolf en die gesteelde bok
6. Hasie Kalbassie by die watergat

Jakkals en Wolf stories...

Wolf stories...

CD 2:

1. Jakkals en Wolf in die put
2. Die stadsmuis en die plaasmuis
3. Jakkals en Wolf steel skaap
4. Hasie en Olifant trek tou
5. Jakkals en Wolf en die hangklip
6. Die voëls kies 'n koning

Plaas bestellings by:
mail@annaemm.co.za



Adverteer in die volgende
Lekkerbekkie!

lekkerbekkie@annaemm.co.za

Kontakbesonderhede



Lekkerbekkie is 'n GRATIS maandelikse e-Tydskrif!

As jy graag elke maand 'n nuwe Lekkerbekkie GRATIS wil ontvang stuur 'n epos na lekkerbekkie@annaemm.co.za.

Wil jy nie meer uitgawes van Lekkerbekkie ontvang nie?

Stuur 'n epos na lekkerbekkie@annaemm.co.za met die woord "UNSUBSCRIBE" in die subject line.